

Die 4 Stappe na Vrede



**OUERSKAP MET JOU WAARDES &
DIE KUNS VAN KOMMUNIKASIE**

Lindi Potgieter



Skool vir Lewensintelligensie

Lief om te Leer, Leer om Lief te hê

Kopiereg © 2024 Future Generations. Alle kopiereg voorbehou.

Dit is onwettig om in geheel, of enige deel van hierdie dokument te reproduseer, dupliseer, kopieer, of te stuur in gedrukte, elektroniese, of enige ander vorm. Geen opname van enige aard mag hiervan gemaak word nie.

DIE COACH-APPROACH™

Hierdie boekie is aan elke ouer en mentor gewy wat reeds deur Future Generations se werk geraak is. Jou dankbaarheid en terugvoer, die impak wat jy op jou kinders maak, is die rede waarom ek hierdie werk doen.

Kinders is ons grootste leermeesters wat ons 'n geleentheid gee om onself beter te leer ken, die lewe beter te verstaan, aan te hou groei en terug te keer na opregtheid is.

Terselfdertyd is ons kinders soos saadjies. Hoe beter die grond waarin ons daardie saadjies saai, hoe meer gesond en sterk gaan die plantjie groei en hoe beter gaan die vrugte wees wat dit eendag gaan dra.

INHOUD

INHOUD	4
EK WAS VERSTOM!.....	5
Future Generations.....	7
JY'S HIER!.....	8
Dit is nooit te laat om 'n goeie ouer te wees nie!	8
DIE 4 STAPPE NA VREDE.....	10
Voorbeelde:	12
Opsomming:.....	16
DIE COACH-APPROACH™.....	17
Opsomming:	20
JOU BEURT!	21

EK WAS VERSTOM!

Dalene was vir 'n uur aanlyn. Sy sit haar rekenaar af en stap fluks sitkamer toe om te kyk waarmee haar twee kindertjies besig is. Soos sy instap sien sy klaar hier's moeilikheid!

Haar jong seuntjie is doenig met 'n spuitbottel vol water. Hy is besig om die pragtige houtbank sopnat te spuit! Sy voel hoe die emosie in haar opwel en is reg om hierdie mannetjie die leviëte voor te lees.

Sy ken al die storie van ontsteld raak, met 'n harde stem haar emosies vrye teuels te gee en haar kind goed laat verstaan dat hy verkeerd doen! Net om later met 'n groot skuldgevoel te besef dat dit eintlik nie so erg was nie, dat dit nie reg was om so hard op haar kind neer te kom nie. Dat sy nie net uit emosie wil reageer nie.

Terwyl sy voel sy gaan dit verloor, die bottel uit sy hand wil ruk en hom mooi laat verstaan wat die skade aan die bank gaan wees, besef sy dat sy nounet die 4 Stappe na Vrede geleer het!

Dalene het sopas die aanlyn COACH-APPROACH™ Meesterklas bygewoon. Net daar besluit sy om dit uit te probeer, nog voor sy enigsins iets gaan sê of doen.

In daardie kort oomblik stop sy en besluit om konstruktief op te tree. Sy haal 'n paar keer diep asem en sê met 'n rustige stem: "Ek sien jy spuit die bank nat..."

Hy draai om en kyk vir haar. Sy kan sien hoe daai koppie nou werk en dink oor waarmee hy besig is. Sy sien die onskuld in sy ogies raak.

Hy antwoord toe: "Ek moes dit seker nie gedoen het nie."

Dalene staan verstom oor haar seuntjie se nadenke en insig en haar hartjie smelt. Sy verduidelik aan hom die rede waarom dit nie 'n goeie idee is nie. Hy leer van hout, houtmeubels, waterskade en sommer baie ander dinge. Sy dra een van hulle gesin se waardes oor: respek vir alles en almal.

Hy is sommer vrolik oor die nuwe inligting, dat sy mamma nie met hom geraas het nie, en dat hy self kom uitredeneer dat dit nie 'n goeie idee was nie. Net daar

besluit hy toe ook om die probleem ook op te los. Hy draf om 'n lappie te gaan kry en maak die houtbank self droog.

Dalene kan amper nie glo hoe vinnig en maklik sy hierdie situasie kon omkeer nie. Sy besef dat hierdie 'n eenvoudige manier is wat die vrede in die huis gaan hou, terwyl haar pragtige kinders ook waardevolle lesse kan leer. Sy slaak 'n sug van verligting!

Dankie Dalene, vir die deel van jou wonderlike ervaring sommer direk na Die COACH-APPROACH™ Meesterklas!

“Baie dankie aan Lindi van future generations vir 'n fantastiese kursus met baie praktiese en maklik toepasbare inligting wat elke ouer kan ondersteun en bemagtig om met hul eie waardes die beste gedrag en kommunikasie uit hulle kind te kry. Ek beveel dit aan vir enige ouer wat struikelblokke in hul ouerskap styl ervaar.” Liezel Jansen van Rensburg

Future Generations.

Vir meer as 20 jaar is ek lewensafripter, of life coach, as ek die meer bekende Engelse term kan gebruik. Om ons toekomstige generasies anders groot te maak, die ontwikkeling van Emosionele Intelligensie, asook die ondersteuning en leiding aan ouers net soos jy, na genesing, wysheid en Liefde, is my groot passie.

Ons gesin het die tuisskool-roete gekies en as veteraan tuisskool mamma geniet ek om alle ouers en mentors met inligting en opvoedings-tegnieke wat fantasties werk, te ondersteun. Dit bring soveel vreugde om te sien hoe gesinne groei, gereeld sommer 'n totale handomkeer maak, die hele gesin meer gelukkig is, en gesinsbande verdiep en versterk!

Met grendeltyd het ek besef dat indien ons 'n beter wêreld wil skep, het ons nodig om groter fokus te plaas op hoe ons ons toekomstige generasies opvoed. Dit was die begin van Future Generations.

Ons ouers groei net soveel soos die kinders, terwyl Emosionele Intelligensie verhoog word. Kinders word voorberei vir 'n onseker en onbekende toekoms. Die resultate is fantasties en DIT is hoekom ek hierdie werk doen!

“Ek het die kursus vreeslik geniet. Ek het so baie geleer, nie net oor my kinders nie, maar ook hoe om ander mense om my te hanteer en ook myself.

Na die kursus is kommunikasie (waarmee ons voorheen gesukkel het) een van ons waardes en almal kan nou hul gevoelens in woorde uit druk en ons kan gesels daaroor en verstaan almal mekaar se harte. Al stem almal nie altyd saam nie is daar ruimte vir bespreking, aanpassings ens. Dit is die sleutel tot ons gesin se vreugde.

Baie dankie Lindi en ook al die anders ouers wat wysheid en kennis gedeel het. Ek leer steeds elke dag!” Sanphia du Preez

JY'S HIER!

Hallo pragtige ouer. Welkom by FUTURE GENERATIONS!

Dankie vir hierdie belegging van jou tyd om jou ouerskap-vaardighede te verbeter!

Dit wys dat jy omgee en 'n verskil in jou kinders se opvoeding maak, dat jy situasies op 'n ander manier wil benader en weet ons altyd nog kan leer en groei!

Ouerskap is beslis nie altyd maklik nie. As jy vasbrand en die uitdagings raak soms te veel en oorweldigend, weet net, alle ouers het uitdagings. Jy is nie alleen nie!

Hierdie 4 Stappe na Vrede is net 'n klein deeltjie wat reeds 'n groot verskil kan maak om meer harmonie en konsekwente optrede te bewerkstellig. Hiermee kan jy jou ouerskap meer geniet. Jy ontspan meer met die wete dat jy konstruktief optree.

Dit is nooit te laat om 'n goeie ouer te wees nie!

Die probleem is nie dat ons eers bekommerd raak wanneer dinge begin rof raak nie. Die probleem is eerder dat ons onbewustelik optree en dus outomaties reageer volgens ons eie programmering. Die probleem is dikwels dat ons nie 'n daadwerklike besluit maak om dinge anders te benader nie.

In hierdie veranderende tye is die lewe vol uitdagings. Wanneer ons leer hoe om ons uitdagings te hanteer, kan dit ons stresvlakke sommer baie afbring! Dit lei dan ook sommer na meer harmonie in die huis!

Ons wil aanhou werk om 'n kopskuif te maak. Die oomblik wat ons meer bewus word van hoe ons dink, voel, kommunikeer en optree, is dit moontlik om ons ouerskap in 'n meer konstruktiewe rigting te stuur.

Dalene het in 'n oomblik 'n situasie omgeswaai! Dit is algemeen hier in ons gemeenskap van ouers. Kinders begin blom en ouers vind meer vreugde in ouerskap.

So nee, dis nooit te laat nie. Dit IS moontlik om vrede en harmonie in jou huis te skep. Daar is altyd 'n beter manier. Daar is altyd hoop.

Die blote feit dat jy hierdie boekie lees is getuienis daarvan! So, dankie dat jy hier is. Dit is JUIS 'n mens soos jy wat bydra tot 'n beter toekoms!

“Lindi, eerstens wil ek vir jou baie dankie sê dat jy jou wysheid en tyd met ons gedeel het. Dit is prysloos. Wat ek in die Coach-Approach kursus geleer het die afgelope 7 weke het verseker 'n ander wêreld vir my oopgemaak met myself, man en kinders. Baie dankie vir die waarde wat jy in ons lewens toegevoeg het en ek sien uit na die volgende kursus. Mag God jou seën en mag dit nog baie ouers se lewens raak.” Melissa Pieterse

DIE 4 STAPPE NA VREDE.

Hierdie is 'n formule wat jy in enige moeilike situasie kan toepas om 'n konstruktiewe uitkoms te bewerkstellig. Jy bly kalm en rustig, terwyl jou kind 'n waardevolle lewensles leer.

Met hierdie 4 Stappe na Vrede voel jy meer gerus oor ouerskap. Jy hanteer situasies met meer selfvertroue, terwyl jou kinders 'n meer konsekwente en konstruktiewe opvoeding kry.

Gebruik hierdie 4 stappe in enige uitdagende situasie, waar jy nie weet wat om te doen nie, wanneer jy onseker voel oor hoe om op te tree, of veral wanneer jou knoppies erg gedruk is en jy maklik uit emosie kan reageer.

Dit ook sommer 'n goeie inleiding tot Die COACH-APPROACH™ benadering en vaardighede. Jy werk eers met jouself, en dan werk jy met jou kinders.

Om meer te leer, sluit aan by ons "Future Generations Tribe", 'n gemeenskap van ouers waar ons weekliks aanlyn gesels oor dit wat saakmaak, waar jy hulp, ondersteuning en leiding kry van my en ouers net soos jy.

[Sluit hier by ons aan!](#)

Kom ons kyk nou na Die 4 Stappe na Vrede!

Volg dit stap vir stap in enige moeilike situasie met jou kind.

Stap1:

Stop eers vir 'n oomblik. Haal 'n paar keer diep en rustig asem indien jy in emosie vasgevang is.

Word bewus van die situasie en besluit om konstruktief op te tree.

Hierdie eerste, baie belangrike stap skuif jou van onbewuste, outomatiese optrede, na doelbewuste “conscious” ouerskap! Dit gee vir jou daardie paar split sekondes om ‘n positiewe impak te kan maak.

Die asemhaling kalmeer ook jou liggaam, letterlik ‘n “biohack”, wat jou terug in homeostase en rasonale besluite!

Stap 2:

Sê wat jy sien.

Waarom doen ons dit?

Dit gee jou nog ‘n kort oomblik om rustig te raak en te besluit wat die beste optrede sal wees. Dit help JOU!

Dit help jou kind ook, want jy kom nou van ‘n neutrale plek af, wat deel is van coaching vaardighede. Daar’s nie veroordeling in jou stelling nie en dit alreeds is konstruktief.

Dit gee jou kind ook ‘n oomblik om bewus te word van wat hy doen, en of dit gewens is of nie. Dit laat jou kind dink en soms somer self-korrigeer!

Dit kan dalk so klink: “My kind, ek sien jy voel nou kwaad.” “Ek sien jy is somer baie ongelukkig.” “Ek hoor jy praat lelik met jou boetie.” “Ek sien jy is besig met iets anders as jou taak.” “Dit lyk of jy nou moedeloos voel.” “Ek sien jou speelgoed lê die hele vloer vol.”

Wanneer die emosies regtig hoog loop kan jy sê dat jy eers gaan rustig raak en die saak later aanspreek. Wees eerlik oor hoe jy nou voel sodat jou kind ook somer leer wat dit beteken om mens te wees.

Doen wat ookal nodig is vir JOU om eers uit jou eie emosionele reaksie te kom.

Wanneer daar gevaar is, of met ‘n ernstige saak, soos wanneer 2 kinders baklei, gaan jy dit natuurlik dadelik aanspreek – ons kyk later na ‘n voorbeeld.

Stap 3:

Besluit watter **waarde, beginsel of lewensles** jy in hierdie situasie wil oordra.

Watter waarde kan jy aan hierdie situasie koppel? Omgee, respek, deursettingsvermoë, goeie kommunikasie, liefde?

Wat is die belangrike les wat jou kind nodig het om hieruit te leer?

Stap 4:

Vind 'n realistiese en praktiese **manier om dit uit te druk**, en volg deur daarmee.

Bly buite emosie, komende van liefde en selfvertroue.

Dit kan dalk so klink: “My kind, ons het respek vir mekaar, of mekaar se goed, of, ons sê rustig vir mekaar wat ons nodig het... Hoe jy nou opgetree het is nie hoe ons dinge doen nie.”

Voorbeelde:

Jy kom af op 'n konflik situasie waar twee seuns aan mekaar ruk en pluk. Jy kan nou in die detail van die storie ingaan en probeer uitvind wie dit begin het en wie wat gesê en gedoen het, maar dit gaan nie die situasie help nie.

Jy gaan 2 weergawes hoor en soos hulle deel, gaan hulle mekaar in die rede val, mekaar blameer en waarskynlik nog verder ontsteld raak en baklei.

Wat doen jy in so 'n geval?

Volg die 4 Stappe na Vrede.

Stop vir 'n oomblik in jou gedagtes, nog voor jy iets doen of sê. In daardie kort oomblik besluit jy om konstruktief op te tree.

As dit ernstig is gaan jy dadelik sê “stop onmiddellik”! Jy sê wat jy sien: “Ek sien julle baklei.”

Besluit wat die lewensles, die waarde is wat hier oorgedra moet word. Dis miskien iets soos, ons het respek vir mekaar, ons gesels oor ‘n saak, ons slaan nie aan mekaar nie, of enige waarde wat vir jou belangrik is wat van pas is in hierdie situasie.

Nou dra jy dit oor vanuit ‘n neutrale plek. Jy word nie in die saak ingetrek nie en fokus net op die lewensles wat hieruit geleer moet word.

Indien die kinders nodig het om eers af te koel, kan jy hulle dalk in verskillende rigtings stuur, met die boodskap dat elkeen eers op sy eie kan gaan rustig raak voor julle die saak sal aanspreek.

Gun hulle die tyd en spasie in so ‘n geval. Onthou, net soos ons ook, wanneer ons kinders in emosie vasgevang is, is hulle in veg of vlug reaksie. Jy gaan niks konstruktiefs uitgerig kry voordat daar nie weer kalmte is nie.

Wanneer almal rustig is kom julle bymekaar en hanteer die situasie volgens jou waardes.

Die belangrike lewensles word duidelik gestel – ons tree nie so op nie, maak nie saak wat nie.

Jy kan ook, wanneer die tyd reg is, ‘n gesprek hê oor wat hulle kan doen, of wat jy van hulle verwag wanneer hulle in ‘n konflik situasie kom.

Gebruik jou intuïsie en wysheid in elke spesifieke situasie om te bepaal wat die beste optrede sal wees.

Kinders onthou lesse baie beter deur stories. Deel jou eie ervarings, of vertel ‘n storie waar die lewensles mooi uitgebeeld word. Gesels met jou kinders oor die redes waarom hierdie optrede nie aanvaarbaar is nie.

Hoe meer kinders verstaan waarom sekere optrede ongewens is, wat die impak daarvan op hulself en ander is, hoe makliker koop hulle in, maak dit vir hulle sin en kan hulle makliker gesonde gewoontes aanleer.

Nog 'n voorbeeld:

Jy sien jou kind werk rof met 'n boek.

Eerder as om te sê: “Moenie so rof met die boek werk nie, jy gaan die bladsye skeur!”

Volg die 4 Stappe na Vrede.

Stop, besluit dat jy konstruktief gaan optree.

Sê wat jy sien: “my kind, ek sien jy werk rof met die boek. Ek sien die bladsye skeur.”

Deel die waarde of les van hierdie situasie, bv. “hier is hoe ons met boeke werk...”, en jy verduidelik hoe en veral ook hoekom.

Op hierdie manier kan 'n kind leer sonder om te voel dat hulle nie goed genoeg is nie.

Hierdie voorbeelde gee jou 'n idee hoe om situasies op 'n meer opbouende manier te hanteer terwyl jou kinders waardevolle lewenslesse leer.

Wanneer jy die gesin se waardes konsekwent oordra, gaan dit by jou kinders ingeprent word. Hulle verstaan die redes daarvoor en hulle optrede gaan al hoe meer in lyn wees daarmee.

Gebruik hierdie **4 Stappe na Vrede** sommer gereeld. Hoe meer jy dit toepas hoe meer outomaties word dit.

Hierdie tegniek help jou om kalm te bly wanneer jou knoppies gedruk word. Dit help jou om op die ware les en jou waardes te fokus, terwyl dit 'n positiewe ervaring vir jou en die kinders is.

Jy sal aangenaam verras wees hoe jou kinders meer positief reageer, meer selfvertroue kry, verstaan wat julle gesin se waardes is en kosbare lesse leer!

Hierdie 4 Stappe na Vrede kan 'n reuse verskil in jou ouerskap maak.

Ouerskap is 'n groot verantwoordelikheid en beslis nie vir sissies nie! Terselfdertyd, kan dit die mees bevredigende taak wees wat ons kan aanpak. Daar is, myns insiens, nie 'n meer belangrike en eerbare werk wat ons kan doen as om kinders 'n soliede fondasie te gee nie.

Wanneer ons oop is om meer te leer en nuwe maniere te vind, word ouerskap makliker en meer vreugdevol.

"Ek het op my ou Future Generations notas afgekom en soos ek daardeur gewerk het, het ek net besef watse massiewe impak dit op my denkwysse gehad het. Dit maak 'n wonderlike verskil in mense se lewens en as jy terugkyk, dan besef jy, wow, kyk wat het ek tog reggekry om te implementeer, kyk hoe anders dink ek oor dinge, kyk hoe anders kyk ek na dinge. So, ek wil jou bemoedig daarmee deur te sê dat jy 'n verskil maak in mense se lewens, dit dra vrug in mense se lewens en dis wonderlik! Dankie." Elsmari Nel

Opsomming:

Werk eerstens met jouself voor jy optree.

Gebruik die 4 Stappe na Vrede vir 'n opbouende uitkoms:

- Stop. Wees neutraal. Kies om konstruktief op te tree.
- Sê wat jy sien!
- Kies die waarde of lewensles wat jy wil oordra.
- Vind 'n praktiese manier om dit oor te dra. Verduidelik die HOEKOM van die les.

DIE COACH-APPROACH™.

Hierdie opleiding bring jou ouerskap in lyn met jou waardes, wat jy oordra en toepas deur Die KUNS VAN KOMMUNIKASIE. Jy leer wat 'n life coach elke dag met kliënte gebruik om wonderlike resultate te verkry!

Voor DIE COACH-APPROACH™ KURSUS is jy dalk:

1. Oorweldig met ouerskap.
2. Voel verlore en sonder duidelike rigting.
3. Nie waar jy met jou ouerskap wil wees nie.
4. Nie duidelik oor hoe om moeilike situasies te hanteer nie.

Na DIE COACH-APPROACH™ KURSUS:

1. Jy het duidelikheid en rigting oor presies wat jy wil doen.
2. Voel selfversekerd oor jou ouerskap met JOU waardes en fantastiese kommunikasie vaardighede.
3. Jy het 'n sterk fondasie om die ouer te wees wat jy wil wees.
4. Jy het beheer geneem, met konstruktiewe impak, met 'n sterk band en verhouding met kinders.
5. Jy het meer vrede en harmonie in die huis.
6. Ouerskap is nou meer vervullend en 'n plesier.
7. Jy weet nou hoe om enige moeilike situasie te hanteer om die beste uitkoms te bewerkstellig.
8. Emosionele Intelligensie verhoog in die hele gesin!

DIE COACH-APPROACH™

Dit is konstruktiewe ouerskap op sy beste!
Maar moet my nie glo nie, kom ervaar dit self!

Ons kursus begin met Die COACH-APPROACH™ Meesterklas, gevolg deur 7 klasse, waar ek jou stap vir stap wys hoe om enige situasie op 'n fantastiese manier te hanteer.

Die COACH-APPROACH™ Meesterklas:

- Hoe weet jy wanneer jy 'n goeie ouer is? Leer om jou ouerskap realisties te meet.
- Bepaal en definieer jou eie waardes, wat die kompas van JOU ouerskap word! Hierdie bring GROOT verandering!
- Die 4 Stappe na Vrede word in diepte bespreek.

Die COACH-APPROACH™ Kursus – 7 klasse:

- Ons kyk na die **7 Basiese Emosionele Behoeftes van kinders**. Wanneer hierdie 7 Basiese Emosionele Behoeftes van kinders in plek is, het jou kinders 'n baie groot kans om in die lewe te floreer, ongeag van watter rigting of loopbaan hulle kies.
- In elke klas deel ek **belangrike wenke** in jou benadering met kinders.

- Daarby saam leer jy **21 Coaching vaardighede**, wat spesifiek op kinders en opvoeding gemik is. Dit is ook gekoppel aan die 7 Basiese Emosionele Behoeftes van kinders, en alles is op die nuutste navorsing geskoei.
- **Ek bespreek voorbeelde** wat jou 'n beter idee van hoe om spesifieke situasies te hanteer, gee.
- Hierdie Coaching vaardighede stel jou in staat om **JOUSELF eerste te coach**, en by die beste antwoord vir 'n spesifieke situasie uit te kom.

Hierdie opleiding is nie lewensafrigting of life coach opleiding nie. **Dit kwalifiseer jou wel as kundige ouer en mentor, wat weet waarop jou ouerskap en mentorskap geskoei is, wat weet hoe om enige situasie met gemak en gerustheid te kan hanteer.**

*“Wat 'n ongelooflike reis was dit, om met die Coach-Approach kursus te groei, ontwikkel en dit te bemeester (ongoing progress natuurlik)... Lindi het verseker 'n roeping op ons 'generations' die ouers en die hart vir ons 'future generations' naamlik die kinders... Ek kon selfs van my eie struikelblokke oor kom in die kursus Mag God se seën op Lindi se roeping baie huis gesinne bereik en nog meer!!!
Amen*

Lindi, dankie dat jy bereid was/is om jou wysheid en insig wat God jou gegee het in ons te deponer. Ek weet vir die 1ste keer in my 38 jaar van bestaan, waarlik wat die woord 'waardes' beteken en hoe om dit reg oor te dra aan my kinders.”
Chrisie Conradie

[**Kom leer meer daaroor in ons COACH-APPROACH™ Kursus hier!**](#)

Opsomming:

- Die COACH-APPROACH™ leer jou om JOU EIE waardes as fondasie te gebruik. Ons bepaal en definieer jou waardes in die Meesterklas.
- Jy verstaan hoe om jou ouerskap realisties te meet.
- Ons gaan deur die 4 Stappe na Vrede, met voorbeelde.
- Jy leer Die Kuns van Kommunikasie met 21 Coaching vaardighede, die 7 Basiese Emosionele Behoeftes van Kinders, en BAIE tips en voorbeelde met ouerskap.
- Jy kry die beste uit jouself, jou kinders, en eintlik uit al jou verhoudinge.
- Die hele gesin ontwikkel Emosionele Intelligensie deur konstruktiewe ouerskap, leiding en die Kuns van Kommunikasie!

“Lindi ons is jou ewig dankbaar vir die pad wat jy met ons as gesin gestap het en vir al die raad en wysheid wat jy met ons gedeel het. Ons het soveel belangrike punte aangespreek en jy het dit met insig vir ons oop gebreek en verduidelik sodat ons self by die antwoorde kon uitkom en dit deel van ons waardesisteem/wiel kon maak. Ons gaan dit verseker toepas en aanwend in die lewenspad wat vir ons as gesin voorlê. Nogmaals dankie. Ons waardeer jou!” Die Lindeque's

JOU BEURT!

Ek wil graag JOU storie ook hoor!

Deel met my hoe hierdie 4 Stappe na Vrede jou gehelp het.

Volg die skakel hieronder, stuur 'n kort video, of boodskap per epos na hello@futuregenerations.today, of kontak my via die [Future Generations webwerf](#).

Ek nooi jou uit om Die COACH-APPROACH™ Meesterklas te kom doen!

Daar is baie hulpmiddels wat jou lewe vir jou soveel makliker kan maak – met 'n positiewe resultaat in jouself en jou kinders.

Ons het net een kans om ons kinders op te voed met 'n soliede fondasie ... en heeltemal te vinnig spreid hulle hul vlerke en vlieg by die nes uit.

Vanwaar ek kyk is hierdie kursus 'n “game changer”, soos hulle in Engels sê. Moet dit nie mis nie! Ek sien uit om, al is dit net vir 'n kort tydjie, 'n pad met jou te stap!

Ek sien uit om van jou te hoor.

[Kontak my gerus hier!](#)